higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede Vraestel)

NKR VLAK 2

(4101042)

11 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 60

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Haal ALLE werk wat jy nie wil laat nasien nie duidelik deur.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK	[30]
AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK	[20]
AFDELING C: VISUELE TEKSTE	[10]

   Beantwoord net EEN vraag in elke afdeling.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan (met bv. 'n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde), redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOOR die finale skryfstuk. Dui ALLE beplanning duidelik aan.

6. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7 Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

8. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

9. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

10. Beplan jou tyd.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK

Kies EEN VRAAG uit AFDELING A en skryf 120–150 woorde.

VRAAG 1: KLAGTEBRIEF

SITUASIE

Jy woon in 'n gesogte woonbuurt waar daar ook baie jong ouers met hul kinders woon. In die meeste van die gevalle werk beide die ouers en is hulle kinders met vakansietye en smiddae na skool óf alleen by die huis óf onder toesig van die personeel van een van die drie dagsorgfasiliteite in die buurt.

Oorkant die huise en dagsorgfasiliteite is 'n groot, oop erf wat tans oorgroei is met onkruid en wat dikwels ook sommer as stortingsterrein gebruik word vir afvalbou-materiaal. Julle het ook opgemerk dat daar bedags baie leeglêers op die perseel bymekaarkom. Selfs snags word daar vuurtjies opgemerk en hoor julle stemme en gelag.



[Eie skepping: *Google* 2018]

OPDRAG

Skryf 'n goed gemotiveerde formele brief (120–150 woorde) aan die burgemeester van jou plaaslike munisipaliteit waarin jy kla oor hierdie opset en waarin jy versoek dat die onbenutte perseel in 'n speelpark vir die buurt se kinders verander word.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit is 'n formele brief.
- Verskaf inligting oor die ligging van die perseel.
- Beskryf die nadele wat hierdie onbenutte perseel vir die buurt en sy mense inhou.
- Beveel aan hoe die perseel uitgelê en beveilig kan word.
- Noem enkele voordele wat 'n speelpark vir die buurt sal inhou.
- Onthou om met 'n welwillendheidsparagraaf af te sluit.

[Bron: *Eie verwerking*] **[30]**

OF

VRAAG 2: NAVRAAGBRIEF

SITUASIE

Jou opleidingsentrum beplan om 30 studente (15 mans en 15 dames) op 'n leierskap-kursus te neem. Jy en twee ander damesdosente gaan die kursus meemaak. Die kursus sal sewe dae duur en word beplan vir die tweede week van Junie aanstaande jaar.

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vraag.



[Aangepas en verwerk: *Google* 2018]

OPDRAG

Kies een van die bogenoemde opsies (plekke) en skryf 'n brief (120–150 woorde) waarin jy navraag doen oor die beskikbaarheid van verblyf, etes en tipe aktiwiteite wat vir jou groep aangebied kan word. Vra vir 'n kwotasie (alles insluitend).

Onthou die volgende:

- Dit is 'n formele brief en word op 'n briefhoof geskryf. (Ontwerp jou eie.)
- Sit die navraag logies uiteen – een gedagte per paragraaf. Maak seker jy gee AL die noodsaaklike inligting.
- Bou welwillendheid – spreek dank uit vir die aandag wat aan die saak gegee word. **[30]**

OF

VRAAG 3: NAVORSINGSVERSLAG

SITUASIE

Studente aan jou kollege presteer swak in wiskunde. Die bestuur, onder leiding van die hoofuitvoerende beampte, prof. Rala, het gevra dat jy, as hoof van die Fakulteit Wiskunde, 'n opname maak van eerstejaarstudente se prestasie die afgelope jaar. Die uitslag sal aangewend word vir die ontwikkeling van hulpprogramme vir studente.

Jou verslag het die volgende opgelewer:



[Aangepas uit: *Google:* Grafika24]

OPDRAG

Skryf 'n formele verslag (120–150 woorde) waarin jy bevindinge en gevolgtrekkings duidelik uiteensit. Baseer jou verslag op die uitslae van die afgelope jaar se toetse, semestertake en eksamen.

Gebruik die volgende formaat vir jou verslag:

- Persoon wat aangespreek word
- Titel van die verslag
- Inleiding (Opdrag en rede vir die opdrag)
- Prosedure
- Bevindings
- Gevolgtrekkings
- Slot (aanbevelings) **[30]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK

Kies EEN VRAAG uit AFDELING B en skryf 80–100 woorde.

VRAAG 4: BESKRYWING

SITUASIE

Ek gaan vandag vir julle oor iets unieks skryf. Ek gaan nie vir julle van my nuutste motor vertel of van 'n boek wat ek onlangs gelees het nie.

Ek gaan vir julle vertel van iets wat volgens my fantasties is: woordorde.



[Bron: *Kaperjol,* 1997 Gr. 9]

OPDRAG

Gebruik 80–100 woorde vir jou vertelling.

Volg hierdie proses vir jou skryfstuk:

- Maak 'n kopkaart/breinkaart met die titel in die middel en rangskik jou idees rondom die titel.
- Die eerste sin is belangrik, want dit stel jou onderwerp bekend.
- Die ander sinne moet logies op mekaar volg.
- Gebruik verbindingswoorde soos *want, daarom, maar, aangesien*, ens.
- Let op na die sinskonstruksies, leestekens en spelling. **[20]**

OF

VRAAG 5: INSTRUKSIES

SITUASIE

Om ons hande skoon te hou, is een van die belangrikste voorsorgmaatreëls wat ons kan tref om te verhoed dat ons siek word en kieme na ander mense versprei. Vele siektes en siektetoestande word versprei deur mense wat nie hulle hande met seep en skoon, lopende water was nie.

OPDRAG

Bestudeer die plakkaat hier bo noukeurig en skryf TIEN instruksies (80–100 woorde) neer oor wanneer jy jou hande moet was.

Hou die volgende in gedagte:

- Instruksies word altyd in die bevelvorm gegee.
- Skryf in volsinne.
- Maak seker elke instruksie hou verband met die prent. **[20]**

Kopiereg voorbehou

WAS JOU HANDE NADAT JY...

1. 

2. 

3. 

4. 

5. 

6. 

7. 

8. 

9. 

10. 

OF

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6: E-POS

SITUASIE

Jy het onlangs 'n nuwe en meer lonende werksaanbod ontvang.

OPDRAG

Skryf 'n e-pos aan jou huidige werkgewer (80–100 woorde) waarin jy hom/haar verwittig dat jy die pos gaan aanvaar en daarom uit jou pos bedank. Gebruik die templaat in BYLAE A. **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: VISUELE TEKSTE

Kies EEN VRAAG uit AFDELING C en skryf 30–50 woorde.

VRAAG 7: DIALOOG

SITUASIE



[Bron: Danie Cronjé: *Neelsie en Meester*]

OPDRAG

Voltooi die dialoog in raampie 2 en 3 in 30-50 woorde.

Onthou die volgende:

- 'n Dialoog word in die direkte rede geskryf.
- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- Toon sover moontlik die stemming van die spreker aan *(kursief).*

OF

VRAAG 8: KLEINADVERTENSIE

SITUASIE

Jy benodig geld vir jou studies in Kleutersorg en het besluit om mense se babas/kinders op te pas wanneer hulle vir die aand wil uitgaan. Jy hou van kinders en het al baie ondervinding opgedoen tydens jou prakties.

OPDRAG



Ontwerp 'n klein advertensie vir jou plaaslike koerant (30–50 woorde) waarin jy jou dienste aanbied.

Onthou die volgende:

- Gebruik die ABBA-beginsel.
- Die advertensie moet dadelik die aandag trek.
- Gebruik verskillende tipes en groottes letters. **[10]**

OF

VRAAG 9: UITNODIGING

SITUASIE

Jy word binnekort 21 en gaan 'n groot verjaarsdagpartytjie hou. Jy het besluit op 'n wit-en-swart tema.



OPDRAG

Ontwerp 'n informele uitnodiging (30–50 woorde) wat jy aan jou vriende kan stuur. Maak seker dat jy alle relevante inligting in die uitnodiging gee.

- Van wie die uitnodiging is
- Plek, datum, tyd
- Tema
- Kontaknommer vir bevestiging
- RSVP-datum
- Jou uitnodiging moet treffend en interessant wees. **[10]**



TOTAAL AFDELING C: 10
GROOTTOTAAL: 60

Kopiereg voorbehou

(4101042)

BYLAE A **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |



Kopiereg voorbehou